# Les 06 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: DIE KALFIE VOORBEELD

Ons gaan nou ‘n voorbeeld gebruik om al vyf lesse wat ons gedoen het, op te som. Hierdie voorbeeld kan ons help om te onthou:

- ons is gedoop;
- ons is gemerk;
- ons is met die Here se volle Naam gemerk en
- ons behoort aan die Here want Hy sê so!

## 1. Kalfies word gemerk

Wat doen ‘n beesboer met die kalfies wat op sy plaas gebore word?

Hy merk hulle.

Hy sê vir sy arbeiders om ‘n yster te vat en hulle met sy merk op hulle boud te brand, of die arbeiders moet ‘n ystertang vat en ‘n merk op hulle ore sit, of die arbeiders moet ‘n plastiekmerk vat en dit aan die ore van die kalfies vassit.

Sy merk het sy volle naam op. Almal wat hierdie merk sien, weet hierdie kalfie behoort heeltmal aan die boer, want sy merk wys sy volle naam.

Met hierdie merk wys die boer – hierdie is my kalfies! Hulle behoort aan my, hulle moet op my plaas bly en ek sorg vir hulle. Ek kyk dat hulle kos kry, ek kyk dat hulle veilig is.

Dit is wat die Here met ons doen. Hy laat Sy kinders merk met die doop deur Sy arbeiders. Hy wys met Sy merk ons behoort aan Hom en Hy kyk na ons!

Wie is die Here se arbeiders wat ons gemerk het? Hierdie arbeiders word dominees genoem.

## 2. Net kalfies van beeste wat aan die boer behoort, word gemerk

Watter kalfies merk die boer? Kan ‘n boer sommer so oor die hele land ry en al die kalfies wat hy sien, sy merk opsit?

Nee! Hy kan nie vreemde beeste se kalfies merk nie. Hy merk net die kalfies van die beeste wat aan hom behoort.

Net so merk die Here net die kinders van ouers wat aan die Here behoort en in die Here glo. Die Here merk nie sommer al die kinders in die wêreld nie. Ons is gemerk, of ons word gemerk, omdat ons ouers aan die Here behoort.

**3. Dit is nie die merk wat jou die boer se kalfie maak nie, dit is die betaling**

As ‘n boer se arbeider gaan en sommer al die bure se beeste merk met die boer se merk – is hulle nou sommer die boer se beeste omdat hulle gemerk is?

Nee! Dit is nie die merk wat hulle die boer se beeste maak nie. Iets anders moet gebeur voordat die beeste die boer s’n word. Wat is dit? Wat moet die boer doen voordat vreemde beeste aan hom behoort?

Hy moet hulle koop en volledig vir hulle betaal.

Net so! Dit is wat die Here Jesus gedoen het toe Hy aan die kruis vir ons sondes gesterf het. Hy het ons gekoop deur vir al ons sondes te betaal.

As ‘n boer beeste koop, dan het hy klaar vir die kalfies wat die beeste gaan kry, ook betaal. Hy hoef tog nie elke keer weer vir die vorige eienaar te gaan betaal as sy beeste kalfies kry nie. As hy die beeste koop, betaal hy vir beeste en al die kalfies wat hulle gaan kry, met een keer volledig klaar.

Net so! Dit is hoe die Here ons gekoop het. Hy het alles klaar betaal toe Hy ons ouers gekoop het en vir al hulle sondes betaal het. Daardie betaling werk ook so! Die Here het betaal vir die sondes van ons ouers, en toe het Hy al klaar vir ons sondes ook betaal.

**4. Dit is hoe die boer dit laat werk: Hy sê dit is sy kalfies**

Wat maak ‘n boer as beeste gaan kalfies kry? Hy sê: “Ek gaan nuwe kalfies kry” en as die kalfies gebore word, dan sê hy : “Ek het nuwe kalfies gekry”. Hy sê dit is sy kalfies, want dit is so! Die koeie is syne en die kalfies is syne. Hy merk die kalfies as sy kalfies en dit is regtig sy kalfies. Hoekom? Want dit is hoe dit is.

Net so! Dit is hoe die Here dit laat werk. Hoekom? Want Hy sê so! Hy sê: “Ek het die ouers se sonde betaal en hulle vir Myself gekoop. Die kinders is ook Myne! Ek sê so, want dit is hoe dit is”! Die Here laat dinge gebeur soos Hy sê dit moet gebeur.

**5. Partykeer merk arbeiders nie die kalfies wat aan die boer behoort nie**

Baiekeer gebeur dit dat beeste in die veld verdwaal en dan loop hulle sommer oor die drade na ander plase toe. Dan gebeur dit ook baiekeer dat ‘n koei in die veld kalf. Dan weet die plaas se arbeiders nie eens waar is die beeste nie. Dan word daardie kalfie nie gemerk nie, want die beeste is verdwaald in die veld.

Hier kom ‘n lekker vasvra vraag!

As daardie kalfie in die veld nie gemerk is nie, wie se kalfie is dit?

Onthou wat ons gesê het! Wat maak dat die beeste en hulle kalfies aan die boer behoort, die merk of die betaling toe hy hulle gekoop het?

Dink aan daardie kalfie in die veld, is hy klaar gekoop of moet die boer hom nog gaan koop? Kan dit so werk dat elke keer as ‘n kalfie in die veld gebore word, dan moet die boer weer teruggaan na sy buurman en eers weer vir die kalfie betaal voor die kalfie in die veld syne is?

Nee! Die kalfie in die veld is syne, al is hy nog nie gemerk nie! Die merk wys net vir ander mense dat dit die boer se kalfie is, maar dit is die betaling wat klaar gedoen is, wat maak dat die bees se kalfie aan die boer behoort.

Net so! Van wanneer af behoort jy aan die Here? Eers vandat jy gedoop is? Nee, van die dag af wat die Here vir jou betaal het. Dit het gebeur toe Hy vir jou oupa- en oumagrootjie, jou oupa en ouma, of jou pa en ma betaal het. Toe is daar al klaar vir jou ook betaal.

Jy behoort heeltemal aan die Here nog voor jy gebore is! Ons het – want ons is die Here se arbeiders - jou net ‘n ruk later gemerk met die Here se merk.

Wat maak ‘n boer as hulle weer hierdie beeste in die veld kry en die beeste kom weer huis toe? Hulle merk die kalfies wat in die veld gebore is!

Net so – as jou ouers verdwaal het en van die Here af weggeraak het – dan doop ons jou nog steeds met die Here se merk. Want terwyl hulle verdwaal was, was jy nog steeds ‘n kind van die Here. Jy word dan net gemerk wanneer jy al groter is,, omdat die Here se arbeiders jou ouers nou net weer opgespoor het. Terwyl hulle verdwaal was, was jy klaar gekoop gewees, want terwyl hulle verdwaal was, het hulle nog steeds aan die Here behoort.

**6. Merk die Here net soet ouers se kinders?**

Hoe dink julle werk dit op ‘n beesplaas?

Stap die boer so op die plaas rond en dan kyk hy watter beeste is die grootste en die sterkste en dan sê hy vir sy arbeiders: “Merk net die groot en sterk beeste se kalwers”?!

Stap die boer so op die plaas rond en kyk watter beeste gee die meeste melk en dan sê hy vir sy arbeiders: “Merk net die beeste wat baie melk gee, se kalwers”?!

Stap die boer so op die plaas rond en kyk watter beeste is mak en luister en gedra hulle goed, en watter luister nie as hy praat nie en is wild, en dan sê hy vir sy arbeiders: “Merk net die mak, gehoorsame beeste se kalwers, maar moenie die wilde, ongehoorsame beeste se kalwers merk nie”?!

Nee! Die boer merk al sy beeste se kalwers, want al die kalwers behoort aan hom. Hy merk nie die kalwers omdat hulle pa's en ma's mak, soet en gehoorsaam is nie. Hy merk hulle omdat hulle aan hom behoort – hy het vir hulle betaal.

Net so! Behoort ons aan die Here omdat ons ouers mooi, mak, gehoorsame kinders van die Here is? Nee, ons behoort aan die Here omdat Hy vir ons betaal het.

Daarom kan niemand vir jou sê, jy kan nie aan die Here behoort nie want jou ouers leef wild nie. Hulle kan nie vir jou sê jy kan nie aan die Here behoort nie, want jou ma of jou pa drink te veel, of jou ma en pa vloek te veel nie, of hulle baklei en skree te veel op mekaar nie.

Mense kan ook nie vir jou sê dat jy aan die Here behoort omdat jou ouers mooi en reg leef nie.

Kinders behoort aan die Here omdat die Here klaar betaal het vir hulle ouers en hulle sondes. Nie omdat hulle ouers mooi en soet is nie.

**7. Merk die Here net kalfies wat gaan mak en soet wees?**

Hoe dink julle maak 'n beesboer? Gaan staan hy eers by die nuwe kalfies en kyk hoe lyk hulle, hoe speel hulle en hoe gedra hulle hulle en dan, eers as hy weet hierdie gaan mak en soet kalfies wees, merk hy hulle?

'n Boer merk nie kalfies om te wys hoe soet en hoe mak hulle is nie. 'n Boer merk kalfies om te wys – hulle is myne. Ek het hulle klaar betaal en klaar vir myself gekoop.

Omdat dit sy kalfies is, sal hy hulle reg grootmaak en leer om mak en soet te wees.

Net so! Die Here het ons nie gemerk omdat ons soet en gehoorsame kinders is nie. Die Here het ons gemerk omdat Hy vir ons alles klaar betaal het en omdat ons aan Hom behoort. Omdat ons aan Hom behoort, sal Hy ons gehoorsaam maak en leer hoe om Hom te dien. Maar ons word nie gedoop omdat ons soet en gehoorsame kinders is nie.

**8. Merk die Here net kinders as altwee ouers aan die Here behoort?**

Hoe maak 'n beesboer? As Hy net 'n koei met kalfies of 'n bul met kalfies koop – of die bul gaan dalk dood, merk hy nog die kalfies? Ja, want al behoort net die bul of net die koei aan die boer, dit maak niks saak nie, die kalfies is almal syne. Daarom kan 'n boer ook kalfies merk wat beeste as hulle eie kalfies aangeneem

het. As die beeste kalfies aanneem en die boer betaal vir die beeste – is die kalfies wat hulle aangeneem het, ook syne.

Net so! Al glo net jou ma of net jou pa aan die Here, of al het jy net ‘n ma of net ‘n pa, dan behoort jy nog presies net soos al die ander kinders aan die Here. Net ‘n pa of net ‘n ma – maak niks verskil nie. Jy behoort heeltemal aan die Here.

En as jou pa of ma jou aangeneem het, en hulle behoort aan die Here, dan behoort jy ook aan die Here en word jy met sy merk gemerk.

**9. ‘n Boer kan kalfies koop, al behoort die beeste nie aan hom nie**

Is daar iewers ‘n wet wat sê dat boere net groot beeste mag koop en dat hulle nie kalwers mag koop nie? Dit is nie waar nie. Boere koop baiekeer net kalwers sonder om die groot beeste te koop.

Net so! Die Here kan vir kinders se sondes betaal, al het hulle ouers nooit aan Hom behoort nie en al wil hulle ouers niks met die Here te doen hê nie.

Daarom kan kinders in die Here glo, al glo hulle ouers nie in die Here nie. Dit gebeur baiekeer in ons kerk dat ons kinders doop omdat hulle glo dat die Here vir hulle sondes betaal het en hulle aan die Here behoort, sonder dat hulle ouers gedoop is of in die Here glo.

**10. ‘n Boer merk sy kalfies sodat die kalfies en ander mense kan weet hulle behoort aan die Here**

Dink julle boere merk kalfies omdat hulle bang is dat hulle dalk die kalfies gaan vergeet en nie meer onthou watter is hulle kalfies nie?

Nee! Boere ken al hulle kalfies op hulle naam. Al staan daar twee honderd kalfies in die kraal en die boer staan so en kyk na hulle, sal hy gou - gou sê: “Waar is Witvoet?” of “Waar is Bleskol?” Hy kyk nooit na die merk nie. Hy ken sy kalfies en weet hoe sy kalfies lyk.

Nou hoekom merk ‘n boer sy kalfies as hy hulle almal op die naam ken en presies weet waar staan of waar loop elkeen? Vir wie is die merkteken?

Dit is vir vreemde mense, vir die beeste self en vir die arbeiders.

Baiekeer loop ‘n bees op ‘n paadjie en voor hy weet, is hy in ‘n ander boer se grond. Baiekeer raak beeste verskrik of kwaad en hardloop hulle sommer wild weg en beland op ander plase. Partykeer kom skelms en steel hulle en sit hulle in hulle krale en maak asof dit hulle beeste is. Partykeer dink ‘n kalfie dit is nie meer lekker op sy eie plaas nie en gaan soek vir hom ‘n boer, soos wat hy dink,

waar hy beter kos gaan kry en beter versorg kan word, of waar hy sommer kan doen wat hy wil sonder om te luister na die boer.

Dit is hoekom die boer sy kalfies merk – sodat almal sy kalfies sal uitlos en hulle nie sal probeer vat nie. Dit is sodat as iemand hulle vat en maak asof hulle aan hom behoort, dan kan die boer wys – “Daar is my teken. Hulle is myne. Los hulle, ek vat hulle terug”!

Dit is ook vir die arbeiders! Die arbeiders ken nie die kalfies soos die boer nie en hulle kan maklik dink as hulle ‘n kalfie kry wat hulle nie herken nie, dat dit nie die boer se kalfie is nie.

Net so! Die Here het ons gemerk sodat mense ons nie kan vat en maak asof ons nie aan Hom behoort nie. Hulle moet sien en weet – hierdie kinders behoort aan die Here en ons gaan groot moeilikheid kry as ons maak of dit anders is.

Die Here het ons gemerk – omdat ons self ook partykeer wil maak asof ons nie kinders van die Here is nie. Dit is wat ons doop doen: dan wys ons merkteken maar ons is! So as jy probeer om te leef asof jy nie aan die Here behoort nie, en met jou wangedrag wys dat jy maak net wat jy wil, dan gaan die Here vir jou sê dat jy aan Hom behoort, al maak jy asof dit nie so is nie. Jou doop wys dat Hy betaal het en jy aan Hom behoort.

Dit moet ook vir die dominees en kerkraadslede wys jy behoort aan die Here. Hulle kan maklik ‘n fout maak en sommer dink of sê dat jy nie aan die Here behoort nie, omdat jy dalk stout is as hulle jou sien of omdat jou ouers afgedwaal het. Dan wys die Here vir hulle: “Hierdie is my kinders. Hulle dra my merk. Julle moet anders dink en julle mening verander!” Met die merk sê die Here ons behoort aan Hom. Sy arbeiders, dit is die kerkraad, mag nie anders dink of sê nie.

Ons doop wys vir ons en ook vir al die ander mense ons behoort aan die Here. Hulle mag ons nie misbruik of maak asof ons nie aan die Here behoort nie.

**11. Kalfies met twee merke?**

Wat gaan gebeur as die boer se arbeiders rondloop en sê, stoute kalfies kry net een merk, maar as ‘n kalfie soet is, moet hulle nog ‘n merk kry?

Die merk wys – ons behoort aan die boer! As jy vir ‘n kalfie twee keer dieselfde merk opsit, wat nou? Behoort die kalfie nou tweekeer aan die boer? Behoort die kalfie meer aan die boer as ander kalfies wat net een merk op het?

Dit is sommer simpel! Dit is sommer arbeiders wat nie weet hoekom die kalfies gemerk word nie en nou sommer besluit – die merk wys watter kalfies is soet.

Die merk wys nooit kalfies is soet nie. Dit wys – ons behoort aan die boer want hy het alles betaal.

Kalfies met een merk en kalfies met twee merke behoort ewe veel aan die boer. Die tweede merk is onnodig!

Net so! Daar kom partykeer dominees en sê: “Jou doop is nie reg nie, want jy is nie ‘n gehoorsame en soet kind van die Here nie. Jy moet jou bekeer en soet word, dan gee ons jou weer ‘n doop. Dan is jy twee keer gedoop”!

Moet dit gebeur? Nee. ‘n Mens kan nie twee keer aan die Here behoort nie en ons kry nie ‘n doop vir soetwees nie. Ons kry die doop omdat die Here betaal het vir ons.

**12. <u>Beeste kan nie sê hulle kalfies mag nie gemerk word nie</u>**

Kan ‘n bees vir ‘n kalfie of vir die arbeiders sê: “Nee, hierdie kalfie mag nie gemerk word nie. Hierdie kalfie moet eers grootword en dan eendag self besluit of hy of sy gemerk wil word”?

Dit kan mos nooit gebeur nie! Is dit die beeste wat besluit die kalfie behoort aan die boer? Hulle kan nooit so ‘n besluit neem nie. Hulle kan ook nie maak asof die kalfie self moet besluit nie. Die kalfie word nie eendag die boer s’n nie. Die kalfie ís die boer s’n.

Net so kan ouers wat aan die Here behoort, nie maak asof hulle kinders eers eendag self moet besluit of hulle aan die Here wil behoort en gedoop moet word nie. Hulle is die Here se kinders en moet gedoop word.

**13. <u>Kalfies kannie sê hulle wil gemerk word om te wys hulle het soet geword nie</u>**

As ‘n kalfie stout word en wegloop van die kraal af, aan wie behoort hierdie stout kalfie? Hierdie stout kalfie behoort aan die boer. Hy het hom gekoop en vir hom betaal. Die kalfie kan nie maak asof hy aan iemand anders behoort as hy stout is nie. Daarom kan die kalfie ook nie terugkom en sê: Ek het besluit om soet te wees, nou moet julle my weer merk, want ek wil wys ek het soet geword” nie. Die merk is die boer se merk om te wys die kalfie is syne. Die merk is nie die kalfie se merk om te wys hy is soet nie.

Net so! Die doop is die Here se merk. Dit is Sy merk wat Hy gebruik om te wys ons behoort aan Hom, Hy het vir ons betaal. Ons kan nie maak asof dit ons merk is waarmee ons vir Here kan wys ons het besluit om te wys ons is soet nie. Ons word nie gemerk elke keer as ons besluit ons is soet nie. Hoe dink julle? Hoeveel keer sal ons gemerk moet word as ons elke keer gemerk moet word as ons stout was en besluit ons is weer soet? Ons sal elke dag sommer dertig keer gemerk

moet word. Dit is nie ons merk om te wys ons is soet nie. Dit is die Here se merk om te wys ons behoort aan Hom.

**Opdrag**

Gaan vertel vir Pa of Ma of Oupa of Ouma vandag na kerk, sommer so in die kar of by die huis, gou-gou alles wat jy van die kalfie voorbeeld kan onthou! Volgende keer gaan ons in die klas hierdie voorbeeld oefen totdat ons die hele kalfie voorbeeld ken en kan wys hoe ons aan die Here behoort.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

________________________________

Handtekening: ouer of voog